Publication: Mosselbay Advertiser
Date: 21 Oct 2016
Page: 6



PetroSA is voornemens om 'n gas- en verwante kondensaatveld bekend as die E-BK-veld, asook die omringende hidrokoolstofvelde in die aflandige petroleumlisensieblok 9, geleë in die Bredasdorpkom aan die suidkus van Suid-Afrika, te ontwikkel. Openbare kommentaar op die voorstel word afgewag.

Parlement vies oor PetroSA-kwessies

Nickey le Roux

Verteenwoordigers van die Sentrale Energiefonds en departement van energie het Dinsdag, 18 Oktober, 'n bloutjie geloop voor die parlementêre portefeuljekomitee vir energie toe hulle slegs 'n uitvoerende opsomming van 'n forensiese ondersoek na die R14.5 miljard verliese deur PetroSA in die 2014/15 boekjaar wou voorlê.

Die portefeuljekomitee vir energie het die minister van energie, Tina Joemat-Pettersson, vroeër gevra om 'n forensiese ondersoek na die PetroSA-verliese te laat doen en aan die komitee verslag te doen.

Die portefeuljekomitee het ook versoek dat die verteenwoordigers teen Dinsdag 'n behoorlike omkeerstrategie vir PetroSA se Mosselbaai-aanleg moet voorhou.

Toe die direkteur-generaal van die departement van energie, Thabane Zulu, slegs 'n uitvoerende opsomming van die forensiese verslag wou voorlê, is hy na wat berig word deur die portefeuljekomitee-voorsitter, Fikile Majola, versoek om die volledige finale verslag ter tafel te lê.

Majola het benadruk dat die portefeuljekomitee besonder bekommerd is oor die aansienlike verliese wat PetroSA na bewering gely het, en het aangedring op volledige terugvoer oor Projek Ikwezi, wat allerweë as die oorsaak vir die finansiële verliese voorgehou word.

Zulu het volgens berigte sterk benadruk dat die departement van energie nie die reg het om die Parlementêre komitee toegang tot die volledige forensiese verslag te weier nie, gegewe die oorsigrol van die komitee. Verteenwoordigers van al die politieke partye in die portefeuljekomitee was dit eens dat die parlement toegang tot die volledige, ongesensorde verslag moet kry.

PetroSA se uitvoerende raad was nie in geheel deel van die afvaardiging die afgelope week nie, maar sal wel vroeg in November, waarskynlik reeds tydens die eerste week, voor die portefeuljekomitee verskyn, het die PetroSA-groepsbestuurder van kommunikasie, Thabo Mabaso, aan die *Mossel Bay Advertiser* bevestig.

Omgewingsimpakstudie

Intussen het advertensies in die media openbare kommentaar gevra op PetroSA se voorneme om 'n gas- en verwante kondensaatveld bekend as die E-BK-veld, asook die omringende hidrokoolstofvelde te ontwikkel in die aflandige petroleumlisensieblok 9, geleë in die Bredasdorpkom aan die suidkus van Suid-Afrika.

Die omvangsverslag is sedert 14 Oktober beskikbaar by openbare biblioteke in die Mosselbaai-omgewing, by die omgewingsimpakkonsultante SRK Consulting, en aanlyn by www.srk.co.za

Navrae kan tot en met 14 November gerig word aan Scott Masson van SRK by 021 659 3060 of smasson@srk.co.za

Mabaso het teenoor die *Mossel Bay Advertiser* daarop klem gelê dat PetroSA se uitvoerende bestuur tydens die Mosselbaai Besigheidskamer se onlangse besigheidsgeleenthede-konferensie die instelling se voorneme om die aanleg in Mosselbaai te maksimaliseer, benadruk het.

"PetroSA bly verbind tot Mosselbaai," het Mabaso benadruk.

Mediaberigte oor die portefeuljekomitee se vergadering die afgelope week bespiegel daarteenoor oor die voortbestaan van die Mosselbaai-aanleg en beweer dat die finansiële probleme waarin die Ikwezi-projek die instansie gedompel het, waarskynlik tot die sluiting van die aanleg vroeg in 2017 mag aanleiding gee.